higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 2

(3011012)

27 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 1 antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Gebruik slegs 'n BLOU of SWART pen.
6. ALLE BTW-berekeninge moet teen 'n koers van 15% gedoen word.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ... is die verskaffers van voorraad, dienste en niebedryfsbates op krediet aan 'n onderneming.

A Debiteure
B Klante
C Krediteure
D Maatskappye

1.1.2 'n Lening is 'n ... wat oor 'n tydperk van 5, 10 of 20 jaar betaalbaar is.

A bedryfslas
B langtermynlas
C niebedryfsbate
D langtermynlas

1.1.3 ... sluit die onderneming se oogmerke betreffende verkoopsomset en winsteikens in.

A 'n Sakeplan
B Sakedoelwitte
C 'n Bedryfsplan
D Finansiële rekords

1.1.4 'n Styging in die kosprys van 'n item of diens word 'n ... genoem.

A korting
B prysverlaging
C wins
D prystoeslag

1.1.5 'n Onderneming ontvang geld in verskillende vorme en moet die betaler van 'n bewys van betaling voorsien. Hierdie bewys word 'n ... genoem.

A kwitansie
B tjek
C faktuur
D kredietnota

1.1.6 'n Onderneming se inkomste, wat by sy bruto wins gevoeg word, stel die ... van 'n onderneming voor.

A omset
B netto wins
C bruto wins
D bruto inkomste

Kopiereg voorbehou

1.1.7 ... is 'n onderneming se finale verdienste ná die betaling van rente, belasting en dividende en kan in die onderneming herbelê word.

A Wins
B Verdienste
C Teruggehoue inkomste
D VVRB ('EBIT')

1.1.8 Daar is voorwaardes aan 'n ... verbonde, soos 'n minimum saldo en 'n kennistydperk as jy'n groot som geld wil onttrek.

A spaarrekening
B tjekrekening
C lopende rekening
D vastedeposito-rekening

1.1.9 Die ... is die onderneming of persoon wat betaling per tjek ontvang.

A begunstigde
B betrokkene
C trekker
D ontvanger

1.1.10 Die ... is 'n stel boeke waarin transaksies eerste ingeskryf word.

A proefbalans
B algemene grootboek
C hulpjoernaal
D finansiële state

1.1.11 ... is die raming van 'n onderneming se moontlike toekomstige wins in 'n bepaalde tydperk.

A 'n Winsvooruitskatting
B 'n Winsneiging
C Bruto wins
D Netto wins

1.1.12 BTW wat aan die SAID betaal of van die SAID teruggeëis moet word, moet op 'n ...-vorm ingedien word.

A VAT202
B VAT102
C VAT201
D VAT401

Kopiereg voorbehou

1.1.13 Die verlies van voorraad wat deur faktore soos winkeldiefstal veroorsaak kan word, word ... genoem.

A inkrimping
B voorraadverlies
C verouderde voorraad
D voorraadwisseling

1.1.14 'n ... is die dokument wat as die vernaamste bron van inligting gebruik word en op grond waarvan die boekhouer 'n transaksie kan boekstaaf.

A Ondersteuningdokument
B Interne dokument
C Eksterne dokument
D Brondokument

1.1.15 'n ... word ten opsigte van sy persoonlike inkomste en dié van die onderneming belas en nie afsonderlik nie.

A Openbare maatskappy
B Eenmansaak/alleenhandelaar
C Private maatskappy
D Beslote korporasie

(15 × 1) (15)

1.2 Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–N) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	BTW wat die onderneming vir goedere verkoop of dienste gelewer by klante insamel	A	inkomstebelasting
1.2.2	'n Tjek wat die trekker vir 'n datum in die toekoms uitskryf.	B	verouderd
1.2.3	Verseker dat klante kleingeld kan uitkry wanneer hulle 'n produk koop	C	kleinkasbewys
1.2.4	'n Uitgawe wat elke maand in die onderneming se boeke voorkom	D	water en elektrisiteit
1.2.5	Belasting wat ingesamel word by mense wat salarisse en lone in die sakesektor ontvang	E	uitset-BTW
1.2.6	'n Gebonde boek wat dokumente (in duplikaat of triplikaat) bevat om die besonderhede van bankdeposito's te boekstaaf	F	depositostrokies
1.2.7	'n Ooreenkoms tussen 'n koper en 'n verkoper, waarin die tydsberekening en bedrae van betaling wat die koper in die toekoms gaan maak, opgeneem is	G	kredietbepaling
1.2.8	'n Brondokument wat gebruik word om klein kontanttransaksies te boekstaaf	H	los kontant
1.2.9	'n Bankrekening met lae rente, waaruit geld onttrek kan word sonder om kennis daarvan te gee	I	onreëlmatige uitgawes
1.2.10	Die persoon in 'n onderneming wat 'n rekord van al die feite en syfers met betrekking tot die onderneming se finansiële transaksies hou	J	lopende rekening
		K	depositoboek
		L	boekhouer
		M	spaarrekening
		N	vooruitgedateerde

(10 × 1) (10)

[25]

VRAAG 2

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n Proefbalans is 'n staat waarop al die rekeninge en die saldo's daarvan in 'n onderneming getoon word.

2.1.2 Voorraadwisseling beteken dat die voorraad verouderd is en nie meer gebruik kan word nie.

2.1.3 Die bedrag geld wat die eienaar in 'n onderneming belê, word kapitaal genoem.

2.1.4 Niebedryfsbates word in aanmerking geneem wanneer die kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite bepaal word.

2.1.5 Die onderneming kan om 'n lening aansoek doen om sy kontantvloei te bestuur.

2.1.6 BTW het in April 2018 van 14% tot 16% verhoog.

2.1.7 'n Toondertjek is betaalbaar aan enigiemand wat dit vir betaling by 'n bank aanbied.

2.1.8 'n Onderneming met 'n omset van minder as R300 000 kan vrywillig as 'n BTW-ondernemer registreer.

2.1.9 Die verkoopsprys van 'n item moet alle koste en die wins uit die prystoeslagpersentasie insluit.

2.1.10 In 'n rekeningkundige stelsel wat per hand gedoen word, moet die interne brondokumente in die korrekte volgorde wees.

(10 × 1) (10)

2.2 Voltooi die volgende sinne deur die korrekte woord(e) tussen hakies te kies. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.15) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.2.1 'n (Krediet-/kontant-) kaart word gekoppel aan 'n bankrekening wat jou in staat stel om goedere op krediet aan te koop.

2.2.2 Elke tjek wat in die onderneming uitgereik word, moet in die (kontantontvangste-/kontantbetalings-) joernaal geboekstaaf word.

2.2.3 'n (Kredietnota/debietnota) word uitgereik aan 'n klant wat goedere, wat op krediet gekoop is, teruggestuur het.

2.2.4 (Onreëlmatige/reëlmatige) uitgawes verskyn slegs as 'n besteding wanneer dit nodig is.

Kopiereg voorbehou

2.2.5 Die brekasie van voorraad het 'n (positiewe/negatiewe) invloed op 'n onderneming se netto wins.

2.2.6 'n Bank oefen beheer oor 'n onderneming se deposito's en betalings uit en stuur dan 'n (bankstaat/tjekstaat) aan die einde van elke maand uit.

2.2.7 Die teller by 'n bank moet die kontant en tjeks teen die (depositostrokie/bankstrokie) verifieer.

2.2.8 'n Aanlyn betaling in die rekening van 'n onderneming of persoon aan wie jy geld skuld, word 'n (elektroniesefonds-/elektroniese-skuld-) oorplasing genoem.

2.2.9 Die som geld wat gebruik word om items met 'n lae waarde aan te koop, word die (kleinkas/basiskontant) genoem.

2.2.10 Wanneer daar aparte debiet- en kredietkolomme op 'n bankstaat gebruik word, word al die betalings in die (debiet-/krediet-) kolom getoon.

2.2.11 Al die onderneming se dokumente moet vir 'n tydperk van (drie/vyf) jaar volgens die SAID se regulasies gehou word.

2.2.12 'n Onderneming moet 'n kwitansieboek hou en 'n kwitansie in (duplikaat/triplikaat) uitskryf.

2.2.13 In 'n (vennootskap/openbare maatskappy) voeg twee of meer mense kapitaal, arbeid en vaardighede saam en word dan die gesamentlike eienaars van die onderneming.

2.2.14 (Dividende/Reserwes) is verdelings wat aan 'n maatskappy se aandeelhouers gemaak word.

2.2.15 Wanneer kontant ontvang word, word 'n kwitansie deur die kassiere uitgereik. Die (oorspronklike/duplikaat-) kwitansie word aan die betaler oorhandig.

(15 × 1) (15)

[25]

TOTAAL VIR AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 3

3.1

Donald and Duck Veggies word deur twee broers gestig wat besluit om 'n vennootskap te begin nadat hulle die lottery gewen het. Hulle is egter onervare sakevennote. Nadat die tweede sakemaand verloop het, nader hulle jou om hulle by te staan.

Bestudeer die bankstaat hier onder en beantwoord die vrae.
Toon ALLE berekeninge vir hierdie vraag.

BIG FEET BANK
BANKSTAAT

Donald and Duck
Parkstraat 3
Springs
1559

Staat nr.: 02
Rekening nr.: 031039941
Datum: 30 November 2018

DATUM	BESONDERHEDE	DEBITEER	KREDITEER	SALDO
01/11/18	Saldo o/b			?
04/11/18	Tjek nr. 36	1 200.00		17 240.00
09/11/18	Diensgelde	102.00		
13/11/18	SAID		1 005.00	
15/11/18	D/O Liberty Life (versekering)	928.00		
18/11/18	Tjek nr. 39	728.00		
21/11/18	Deposito		11 660.00	
23/11/18	Tjek nr. 41	120.00		
29/11/17	Tjek nr. 37	400.00		
30/11/18	Tjekboek	175.00		
30/11/18	Direkte koste Big Feet (huurgeld)		4 500.00	
30/11/18	Rente op lopende rekening		123.00	

3.1.1 Bereken die beginsaldo op 1 November 2018. Dui aan of die saldo gunstig of ongunstig is. (4)

3.1.2 Identifiseer die rekeninghouer en die soort rekening aan die hand van die inligting wat op die staat gegee word. (2)

3.1.3 Verduidelik die transaksie wat op 13 November 2018 aangegaan is. (2)

3.1.4 Wat beteken die afkorting 'D/O'? Hoe raak hierdie transaksie die saldo op die bankstaat? (2)

3.1.5 Hoeveel word as bankkoste van die onderneming se bankrekening afgetrek? (3)

Kopiereg voorbehou

3.1.6 Noem TWEE redes dat banke bankkoste/grootboekgelde vra. (2)

3.1.7 Op 30 November 2018 word 'n bedrag van R4 500,00 weerspieël. Verduidelik hierdie transaksie. (2)

3.2 Op 30 November 2018 koop Donald and Duck Veggies vars vrugte by 'n plaaslike boer, Veggies Galore, vir R5 500,00 en betaal dit per tjek. Mnr Carrot ontvang die betaling namens die onderneming en reik tjek nommer 422 aan die onderneming uit.

Voltooi die kwitansie op die aangehegte ANTWOORDBLAD. (7)

3.3 Hoe bestuur Donald and Duck Veggies die onderneming se laste? Voorsien TWEE riglyne. (4)

3.4 Jy word as Donald and Duck Veggies se finansiële bestuurder aangestel. Gebruik die inligting hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

	2017	**2018**
Verkope	R677 000.00	R994 000
Koste van verkope	R355 000.00	R522 000
Totale inkomste	R34 000.00	R42 000
Totale uitgawes	R122 000.00	R17 500

3.4.1 Bereken die bruto wins vir die finansiële jaar geëindig 2017.

3.4.2 Dink jy die onderneming is besig om vooruit te gaan op grond van die inligting wat verskaf is en die netto wins wat hier bo bereken is? Gee EEN rede vir jou antwoord. (2 × 3) (6)

3.5 Wat is die doel van 'n balansstaat? (2)

3.6 Identifiseer die joernale wat jy, as Donald and Duck Veggies se finansiële bestuurder, sou gebruik om die transaksies wat hier onder uiteengesit is, te boekstaaf.

3.6.1 Ontvang kontant vir die verkoop van vrugte en groente.

3.6.2 Betaal per tjek vir houers om die vrugte in kleiner hoeveelhede te herverpak.

3.6.3 Koop voorraad op krediet by die plaaslike verskaffer.

3.6.4 Donald neem vrugte en groente vir persoonlike gebruik huis toe. (4 × 1) (4)

[40]

VRAAG 4

4.1 Thuto Computers is as BTW-ondernemer geregistreer. Die onderneming verskaf die volgende inligting vir November 2018 aan jou:

Totale aankope van rekenaars en drukkers: R956 800, BTW uitgesluit
Totale verkope van rekenaars en drukkers: R413 600, BTW ingesluit

4.1.1 Bereken die inset-BTW.

4.1.2 Bereken die uitset-BTW.

4.1.3 Bereken die BTW-bedrag wat van die SAID terugbetaalbaar of aan die SAID betaalbaar is.

(3 × 2) (6)

4.2

Bokamoso Dresses is 'n onderneming wat rokke vir enige spesiale geleentheid ontwerp en maak. Die onderneming het vyf werkers in sy diens. Mashudu, die eienaar, betaal haar werkers R120 per uur. Die huur van die winkel kos R7 000 per maand. Algemene sakekoste (uitgesonderd die rokmakers se salarisse), soos dié verbonde aan die telefoon, water, elektrisiteit en versekering, kom op R5 000 per maand neer. Mashudu sien self haar klante, antwoord die telefoon en doen administratiewe werk. Elkeen van haar personeel werk gemiddeld 200 uur per maand. Mashudu het 'n 25% wins nodig. Dit duur 12 uur om 'n gemiddelde rok klaar te maak. Bulelwa wil graag 'n rok vir haar Vlak 2-jaareindfunksie laat maak en sy kontak Bokamoso Dresses. As sy kontant vir die rok betaal, ontvang sy 'n korting van 2,5%.

4.2.1 Bereken die prys van die rok (BTW uitgesluit). (8)

4.2.2 Bereken die kontantkortingsbedrag. (3)

4.3 Op Swart Vrydag verlaag Mohamme Traders goedere ter waarde van R3 500. Die goedere word met 6,5% verlaag.

Bereken die verlaagde bedrag en die bedrag wat klante gaan betaal. (3)
[20]

VRAAG 5

5.1

King Kong Suppliers bank by ASBA Bank. Die onderneming koop voorraad by Impisi Locks aan en reik 'n tjek vir R12 500,00 uit. Die boekhouer spel die naam van die verskaffer verkeerd, maar wysig dit en bring sy handtekening langs die verandering aan. Hy trek die woorde 'of toonder' dood en skryf die woord 'order' daar neer. Daarby kruis hy die tjek en skryf die woorde 'ASBA Springs' op die tjek. Impisi Locks endosseer die tjek aan Lion King wat 'n rekening by Capital Bank het.

5.1.1 Noem die partye by die tjek. (3)

5.1.2 Is die wysiging op die tjek geldig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

Kopiereg voorbehou

5.1.3 Watter soort kruising verskyn op die tjek? Wat beteken hierdie soort kruising? (3)

5.1.4 Kan Impisi Locks die tjek aan Lion King endosseer? Verduidelik jou antwoord. (3)

5.2 Gee TWEE inligtingstukke wat op die depositostrokie verskyn. (2)

5.3 Noem en sit die twee kleinkasstelsels kortliks uiteen. (4)

5.4 Beskryf die TWEE beheermaatreëls kortliks wat getref moet word wanneer kleinkas hanteer word. (2)
[20]

VRAAG 6

6.1 Jy word as die nuwe finansiële bestuurder by Tip Toes (Edms) Bpk aangestel. Stel 'n inkomstestaat vir die jaar geëindig 30 November 2018 aan die hand van die inligting hier onder op en lê dit aan die direksie voor.

Kontantverkope	R480 000
Kredietverkope	R798 000
Koste van verkope	R852 000
Huurinkomste	R13 000
Water en elektrisiteit	R17 600
Salarisse	R62 000
Telefoon	R4 300
Rente op lenings	R31 000

(14)

6.2 Dui die uitwerking aan wat die volgende items op die onderneming se wins het:

NOMMER	ITEM	TOENAME/AFNAME
6.2.1	Rente op belegging	
6.2.2	Belasting	
6.2.3	Dividende	
6.2.4	Inkrimping	

(4)

6.3 Noem EEN faktor wat tot 'n toename in 'n onderneming se besteding kan lei. (2)
[20]

TOTAAL VIR AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

3.2

VEGGIES GALORE



KONTANTKWITANSIE

DATUM: _____ NR.: _____

ONTVANG VAN: _____

BEDRAG: _____

_____ R

VIR: _____

MET DANK: _____
(HANDTEKENING)

(6)

Kopiereg voorbehou